

LEES MET BEGRIP

Deur Heidie Labuschagne




DIE BELANGRIKHEID OM STORIES TE LEES VIR KINDERS

- Taal-ontwikkeling:
- Dit bevorder leesvaardigheid
 - Ontwikkel woordeskat
 - Ontwikkel die uitspraak
 - Stimuleer die verbeelding
 - Dit is vernuwing van informasie
 - Hulle druk hulself uit deur oorvertelling
 - Ontwikkel die vaardighede wat nodig is vir lees



Die waarde van kinderletterkunde



LEES MET JUNIOR KINDERS

(WANNEER, WAAROM & HOE)

- Kies 'n stil plek waar kinders kan sit.
- Kinders moet altyd die boek kan sien wat juffrou lees.
- Wys die buiteblad, nuwe woorde.
- Kies boeke wat kleurvol is, met mooi prente/illustrasies.
- Soos hulle na die buiteblad kyk, vra die kinders wat hulle dink /waaroor die storie gaan.
- Gesels oor die prentjies, karakters en gebeure in die storie soos die storie gelees word.
- Gebruik vinger- of handpoppe om die storie meer kleur te gee.
- Verander jou stemtoon (volgens verskillende karakters se stemme).
- Vra oop vraagsinne, bv.: “Wat dink julle gaan volgende gebeur?” Dit gee leerlinge die geleentheid om hul eie verbeelding te gebruik.
- Vra leerlinge om die storie oor te vertel.
- Integreer rympies, liedjies en gediggies.



LEES GAAN VOORT..



- Wys letters uit in die storie. “Daar is ’n D. Wie se naam begin met dieselfde letter (klankie)?”
- Lees boeke met herhalings en rym. Terwyl jy lees, stop by die woorde wat herhaal word of wat rym. Vra kinders om daardie woorde in te vul.
- Wanneer leerlinge sien dat juffrou dit geniet om te lees, sal hulle haar voorbeeld volg.
- Plaas jou boeke en handpoppe in die leeshoekie vir die leerlinge om daarna te kyk en daarmee te speel.

POPPEKAS



LEESBEGRIP?

- ▶ **Leesbegrip** is die doel van lees. Om sinne te lees en dit te verstaan. Die vermoë om na woorde te kyk en die betekenis te interpreteer.
- ▶ Herkenning van woorde, sinne en paragrawe om die storielyn te verstaan.
- ▶ Wanneer 'n kind vlot lees, aanvaar ons dat sy verstaan wat sy gelees het, maar 3% tot 10% van vlot lesers begryp nie wat hulle gelees het nie. Hoewel daar ander redes mag wees, is die algemene oorsake van 'n gebrek aan leesbegrip die volgende...
- ▶ **1. BEPERKTE WOORDESKAT**
- ▶ **2. PROBLEME MET GEHEUE**
- ▶ **3. PROBLEME MET LOGIESE DENKE**
- ▶ **LEES KAN NIE SONDER REDENEER NIE –
LEES IS REDENEER**



DOLFYNE

1 Seker almal van ons het al die manewales van dolfyne in 'n akwarium gesien! Dolfyne is klein, slim walvisse. Hulle is soogdiere wat onder die water geboorte aan hulle kleintjies skenk. Tydens die geboorte beskerm twee ander dolfynkoeie die moeder teen haaie. Na die geboorte word die dolfynkalfie gehelp na die wateroppervlak vir sy eerste asemteug.

2 Die kalfie word, soos ander soogdiere, gevoed met melk. Vir dae na die geboorte fluit die dolfynma aanhoudend vir haar kalfie. Dit help die kalfie om sy ma te identifiseer.

3 Die dolfyn se oë is baie goed ontwikkel. Hulle kan onder die water, sowel as bo die water, baie goed sien. Hulle kan ook afstand skat – dit is waarom hulle deur hoepels kan spring.

4 Die dolfyn haal asem deur sy neusgate, wat soos 'n spuitgat bo-op sy kop sit. Dolfyne eet vis of seekatte. Dolfyne word ook vir militêre doeleindes gebruik. Hulle kan byvoorbeeld met plofstof na 'n spesifieke punt gestuur word.

5 Ongelukkig word dolfyne deur die mens bedreig. Die kuswaters word besoedel en die viswaters word oorontgin. Hoe jammer sal dit wees as hierdie dier deur die mens uitgewis word!

Begripstoets vraagwoorden:



→ Wie?

→ Waarom?

→ Wat?


→ Waarheen?

→ Waar?

→ Hoe?

→ Wanneer?

→ Hoekom?



DOLFYNE

Vrae:

1. Hoekom fluit die dolfynma vir haar kalfie?

2. Waarom kan dolfyne deur hoepels spring?

3. Waarteen beskerm die twee koeie die moeder tydens geboorte?

4. Noem twee goed wat dolfyne eet.

5. Benoem twee faktore wat die dolfyn bedreig.

6. Skryf die volgende woorde oor in die verkleining:

7. a.) dolfyn _____ b.) soogdier _____

8. c.) geluid _____ d.) seekat _____

Wat is 'n lees-leidraad?

Dit is 'n leidraad naby
'n vreemde woord
wat jou help raai wat
dit beteken



Mari Elwyn 2017

Leesbegripstrategieë

1. Maak seker die leerder weet dat 'n begripstoets al die antwoorde in die teks sal verskaf. Herinner hom of haar daaraan dat beelde, opskrifte en byskrifte ook deel uitmaak van die teks.
2. Dit is só belangrik dat al die inligting, teks en instruksies gelees word. Die eerste instruksie is dikwels die belangrikste, byvoorbeeld: "Beantwoord in volsinne." Leerders is dikwels so haastig dat hierdie instruksies nie raakgelees word nie.

IDENTIFISEER MOONTLIKE PROBLEME WAAROM LEERLINGE SUKKEL MET BEGRIPSLEES










- ▶ Hulle mag ook sukkel as gevolg van 'n leesprobleem, sowel as 'n swak werkende geheue of 'n probleem met logiese denke, min oefening.

12 Strategieë om kinders te help met leesbegrip en om hul te motiveer

- ▶ 1. Vind boeke wat geskik is (onderwerp, ouderdom, belangstelling).
- ▶ 2. Lees hardop.
- ▶ 3. Vluglees/soeklees die inhoudsopgawe/titel van die boek.
- ▶ 4. Herlees dele/paragrafe wat onbekend/onduidelik is.
- ▶ 5. Lees met jou vinger of liniaal.
- ▶ 6. Skryf die onbekende woorde neer.
- ▶ 7. Bespreek die geskrewe deel of storie wat die kind gelees het.
- ▶ 8. Hersien/gee 'n kort opsomming van die hoofgedagtes uit die storie.
- ▶ 9. Skryf sinne neer wat jy nie verstaan nie.
- ▶ 10. Gebruik verskillende formate/soorte tekste.
- ▶ 11. Identifiseer leesprobleme.

AKTIWITEITE

- ▶ * Woordkaartjies met betekenis
- ▶ * Logiese denke – kaartjie-aktiwiteit
- ▶ * Flitskaarte – in pare,
- ▶ memorisering, leesspoed
- ▶ * Boekfluisteraar
- ▶ * Lees Wiskunde- en Wetenskap-stories



Begripstoets

Mina koei

Mina koei koei eet groen gras in die veld. Die koei is wit met swart kotte.

Sy gee vir die boer lekker melk, sodat ons dit kan drink.



Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat eet Mina koei?

2. Hoe lyk Mina koei?

3. Wat kry die boer by Mina koei?

4. Hou jy van melk? Hoekom?

Opeenvolging: Leesbegrip

Knip die stroke uit en laat die kind die storie in die regte volgorde rangskik.

	Rooikappie het met die mandjie na Ouma se huisie toe geloop.
	Rooikappie stop om blomme te pluk.
	Rooikappie loop die wolf in die bos raak. Sy praat met hom en vertel hom waarheen sy op pad is.
	Die wolf maak asof hy Ouma is en wil Rooikappie opeet.
	Die houtkapper help om van die wolf ontslae te raak en red vir Rooikappie en Ouma.

Animal safari



Join us in the game reserve.



Choose a sticker to show which animal is...

longest

shortest


biggest

How many of each animal did you see? Put stickers in the boxes above the animal.

Was there more...

Circle the most.



Storie kaart

- ▶ Vertel n bekende storie, bv. “Rooikappie en die nare Wolf”

Karakter/s



Tyd



Probleem



Oplossing



Wat is baie belangrik as ons iets vir kinders voorlees?

- ▶ Vooraf
- ▶ Gedurende
- ▶ Agterna



Leer jou klas hoe om begripstoetse met selfvertroue te beantwoord...



Leerders sukkel dikwels om begripstoetse te beantwoord omdat hulle nie genoeg **WOORDESKAT** het om die konteks te verstaan nie.

Al het leerders soms die nodige woordeskat, slaag hulle nie altyd daarin om begripstoetse op die korrekte manier te **BEANTWOORD** nie.




Name: _____ Title: _____


Reading QUESTIONS



Waaroor gaan die storie?



**Wanneer het die storie
plaasgevind? (*tyd*)**



Wie was in die storie?
(*karakters*)



Waar speel die storie af?
(*plek*)



**Wat is die les wat ons uit
hierdie storie leer? (*waarom*)**

Wenke vir Begripstoetse


1. Gaan deur jou antwoorde en maak seker van jou spelling en leestekens.
2. **BELANGRIK:** Jy kan nie vir begripstoetse leer nie, maar met gereelde oefening kan dit vir jou waardevolle punte besorg.
3. Al die inligting is voor jou, gebruik die kans om punte te versamel.
4. Moenie oorhaastig wees nie.
5. Lees, lees en lees weer om seker te maak jy verstaan die vraag.
6. Verwys terug na jou leesstuk met elke vraag en moenie net dink jy onthou wat daar gestaan het nie.
7. Maak seker van jou spelling en leestekens, en gebruik volsinne. Moenie onnodige punte in die water gooi nie.
8. Onthou dat die vrae gewoonlik chronologies gevra word.
9. Let op sekere sleutelwoorde in die vrae.

*** Kyk na die prentjie, beskryf dit.
Vertel/skryf 'n kort storie.
Stel 'n paar vrae.**





The Elephant & The Sparrow



HD

A Friend In Need



JATAKA TALES

The Brave Pig



